PERSVERKLARING: 19 AUGUSTUS 2009

NUWE VOORSITTER VIR SUIDWES

Mnr Pierre Vercueil is na afloop van die Suidwes Groep van Leeudoringstad se Algemene Jaarvergadering op 19 Augustus 2009 as Voorsitter van Suidwes se Direksie aangewys. Mnr Vercueil, wat sedert 1994 ‘n direkteur van Suidwes is, was vir die afgelope ongeveer 14 jaar die Ondervoorsitter van die Direksie. Hy volg mnr Fanie van Zyl op wat na 25 jaar op Suidwes se Direksie op 19 Augustus 2009 uitgetree het.

By dieselfde geleentheid is mnr Gert Malherbe as Ondervoorsitter van Suidwes aangewys. Mnr Malherbe dien reeds sedert 1995 op Suidwes se Direksie.